

16 April

Skrifgedeelte: Lukas 15:1-10
Fokusgedeelte: Lukas 15:1-10

Christus reinig sy eiendom

In hierdie twee gelykenisse lees ons hoe mense nie toelaat dat hulle eiendom verlore raak nie. Beide die skaap en die muntstuk is eiendom wat verlore geraak het. En in beide gevalle ontsien die eienaar geen moeite om sy eiendom terug te vind nie.

So ontsien God geen moeite om sy verlore eiendom weer op hulle plek by Hom terug te bring nie. Deur die sondeval het sy eiendom verlore geraak. Daarom het die Seun in die raadsplan van God ons menslike natuur kom aanneem om sy eiendom te kom vrykoop en terug te bring by ons regmatige Eienaar. “En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan” (Joh. 6:39). Die Here motiveer Paulus daarom ook volgens Handeling 18:10 om in Korinte aan te hou met preek, “want in hierdie stad behoort baie mense aan My”.

God het op grond van sy uitverkiesing baie eiendom in hierdie wêreld. Baie van hierdie eiendom is egter nog verlore. Ons is deur sy genade in Christus herenig met ons wettige Eienaar. Ons is egter geneig om terug te sit en te verwag om voortdurend deur ons Here getroetel te word. Ons wil graag mooi blinkgevyf alleen in God se beursie lê en gril by die gedagte dat Hy dalk 'n vuil muntsuk van die straat af saam met ons in dieselfde beursie sal gooi. Dink net aan al die kieme!

In die hemel is daar egter vreugde oor elke vuil, verwaarloosde sondaar wat teruggevind word. En moenie bekommerd wees oor besmetting nie. Christus reinig elke stukkie eiendom net so deeglik as wat Hy jou gereinig het toe Hy jou met groot vreugde gevind het!

Sing: Psalm 23:1

Ds. HB Hattingh (Warmbad)